

KAN DIE MEERDERHEID VERKEERD WEES?

In Gids 16 het ons ontdek dat die ondervinding van die Sabbatsrus 'n belangrike teenmiddel is vir vandag se stresvolle lewenswyse. Aangesien God ons elke behoefte verstaan, het Hy elke sewende dag ingestel vir ons liggaamlike rus en ons geestelike vernuwing. Nadat Hy die wêreld in ses dae geskape het, het Hy op die sewende dag “gerus”, dit “geseën en geheilig” (Genesis 2:1-3).

Toe God die Tien Gebooie aan Sy volk, Israel gegee het, het Hy die gebod om die sewende-dag Sabbat te onderhou, in die middel van Sy wet geplaas (Eksodus 20:8-11). Volgens hierdie gebod, is die Sabbat 'n gedenkteken van God se skeppingskrag, 'n dag om tot stilstand te kom en te dink aan die skoonheid en wondere van Sy geskape werke, 'n dag om te ontspan en na aan ons Skepper te kom, 'n dag om ons verhouding met Hom dieper te ondersoek.

Gedurende Jesus se lewe as mens op aarde, het Hy ook die Sabbat onderhou (Lukas 4:16) en dit onderskryf as 'n dag wat Christene bevoordeel (Markus 2:27, 28). Verskeie tekse in die boek Handelingte maak dit duidelik dat Christus se dissipels op die Sabbat aanbid het na Sy opstanding (Handelingte 13:14; 16:13; 17:2; 18:1-4, 11).

1. 'N RAAISELAGTIGE VRAAG

Dit bring ons by 'n onderwerp wat baie mense verwarrend vind. Die Christen wêreld het vir 'n lang tyd twee verskillende dae onderhou. Aan die een kant onderhou die meeste Christene opreg Sondag, die eerste dag van die week, wat hulle glo 'n gedenkteken van Christus se opstanding is. Aan die ander kant is daar 'n groot groep Christene, net so opreg, wat glo dat die Bybel slegs die sewende dag as die Sabbat eer en nêrens die heiligheid van Sondag bevestig nie.

Maak dit werklik enige verskil watter dag ons as die Sabbat onderhou? As opregte en ernstige mense wat die waarheid wil ken, moet ons onself altyd afvra: “Wat maak vir Jesus saak? Wat wil Jesus hê moet ek doen?”

Om hieroor 'n besluit te neem, is daar verskeie belangrike feite wat duidelik gemaak moet word: Wie het die Sabbat van Saterdag, die sewende dag van die week, na Sondag, die eerste dag van die week verander? Magtig die Bybel so 'n verskuiwing? Indien wel, het God, Christus of miskien die apostels die verandering gemaak?

Ons sal voortgaan deur na al die moontlikhede te kyk.

2. HET GOD DIE DAG VERANDER?

Is daar enige uitspraak van God wat die Sabbat van die sewende dag na die eerste dag van die week verander het?

Die meeste Christene aanvaar die Tien Gebooie as 'n geldige gids om volgens te lewe. Dit is die enigste boodskap wat God ooit persoonlik neergeskryf het vir die mens. Hulle is so belangrik, dat Hy dit met Sy eie vinger op klip geskryf het (Eksodus 31:18).

In die vierde gebod beveel God ons:

“Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar DIE SEWENDE DAG IS DIE SABBAT VAN DIE HERE JOU GOD; dan mag jy geen werk doen nie ... Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy GERUS. Daarom het die HERE die SABBATDAG GESEËN EN DIT GEHEILIG.” – Exodus 20:8-11. (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK Gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

Toe God die Tien Gebooie aan Sy volk gegee het, het Hy dit ook duidelik gemaak dat geen mens dit kon hersien of die instruksies afkomstig van Sy heilige lippe mag wysig nie.

“Julle mag by die woord wat ek julle beveel, NIKS BYVOEG NIE, en julle mag daar NIKS VAN WEGLAAT NIE, sodat julle die gebooie van die Here julle God mag onderhou, wat ek julle beveel.” – Deuteronomium 4:2.

God belowe ook self om nie Sy gebooie te wysig nie:

“Ek sal my verbond nie onheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie.” – Psalm 89:35.

Die Bybel is duidelik dat God nie die Sabbat van die sewende dag na die eerste dag van die week verander het nie.

3. HET JESUS DIE SABBAT VERANDER?

Volgens Jesus is die Tien Gebooie nie onderworpe aan verandering nie:

“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.” – Mattheus 5:17-18.

In Gids 16 het ons ontdek dat dit Jesus se gewoonte was om op die Sabbat in die sinagoge te aanbid (Lukas 4:16). Ons het ook ontdek dat Jesus wou hê dat Sy dissipels moes voortgaan om die vreugde van ware Sabbatonderhouding te geniet (Mattheus 24:20),

Dit is duidelik uit Jesus se leer en voorbeeld dat ons nog steeds die Sabbat nodig het vir rus, ontspanning en om tyd saam met God deur te bring.

4. HET DIE APOSTELS DIE SABBAT VERANDER?

Jakobus, die eerste leier van die vroeë Christelike kerk, het aangaande die Tien Gebooie geskryf:

“Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword. Want hy wat gesê het: Jy mag nie egbreek nie, het ook gesê: Jy mag nie doodslaan nie. As jy nou nie egbreek nie, maar doodslaan, het jy ‘n oortreder van die wet geword.”- Jakobus 2:10, 11.

Lukas, ‘n geneesheer en evangelis in die vroeë kerk, doen verslag:

“En op die sabbatdag het ons uitgegaan buitekant die stad langs ‘n rivier, waar die gebruikelike bidplek was, en ons het gaan sit en met die vroue gespreek wat daar bymekaargekom het.” – Handeling 16:13.

Die Nuwe Testament boek Handelingte noem 84 kere wanneer die Sabbat deur Christus se volgelingen onderhou is, almal meer as 14 jaar na die opstanding van Jesus: 2 Sabbatte in Antiochië (Handelingte 13:14, 42, 44); 1 in Filippi (Handelingte 16:13); 3 in Thessalonica (Handelingte 17:2, 3); 78 Sabbatte in Korinte (Handelingte 18:4, 11).

Johannes, die laaste van die twaalf apostels om te sterf, het die Sabbat onderhou. Hy het geskryf:

“Ek was in die Gees op die dag van die Here.” – Openbaring 1:10.

Volgens Jesus, is die Dag van die Here die Sabbat:

“Want die Seun van die mens is Here ook van die sabbat.” – Matteus 12:8.

‘n Ondersoek na skriftuurlike bewyse maak dit duidelik dat die apostels glad nie probeer het om God se rusdag van die sewende na die eerste dag van die week te verander nie. Die Nuwe Testament noem die eerste dag van die week slegs agt maal. In geeneen van hierdie instansies word daar van die eerste dag van die week gepraat as ‘n heilige dag nie, en daar word ook nie eers geïnsinueer dat ons dit opsy moet stel as ‘n dag van aanbidding nie. ‘n Kritiese ondersoek van hierdie agt teksverse wat verwys na die eerste dag van die week toon die volgende Sondag gebeurtenisse:

- (1) Die vroue het na die graf gegaan op die eerste dag van die week (Matteus 28:1).
- (2) “Toe die Sabbat verby was” het die vroue met hulle sekulêre aktiwiteite voortgegaan op die eerste dag van die week (Markus 16:1, 2).
- (3) Jesus het eerste aan Maria Magdalena verskyn vroeg op die eerste dag van die week (Markus 16:9).
- (4) Jesus se volgelingen het voortgegaan met hulle sekulêre aktiwiteite op die eerste dag van die week (Lukas 24:1).
- (5) Maria het na die graf van Jesus toe gegaan en gevind dat die graf leeg was op die eerste dag van die week (Johannes 20:1).
- (6) Die dissipels het saam bymekaargekom “uit vrees vir die Jode” (nie vir aanbidding nie) op die eerste dag van die week (Johannes 20:19).
- (7) Paulus het die lidmate van die kerk gevra om op die eerste dag van die week hulle fondse te bereken en “elkeen van julle self opsy sit en opspaar” vir die armes in Jerusalem (1 Korintiërs 16:1, 2). Hierdie gedeelte noem geen godsdienstige byeenkoms nie.
- (8) In Handelingte 20:7 praat Lukas van Paulus se prediking op die eerste dag van die week tydens ‘n toevallige afskeidsbyeenkoms. Paulus het natuurlik elke dag gepreek, en die apostels het elke dag brood gebreek (Handelingte 2:46).

Geeneen van hierdie skrifgedeeltes veronderstel dat die apostels beplan het om die op te hou om die sewende-dag Sabbat te onderhou nie. Die apostels het geen verandering van die Sabbat van die sewende na die eerste dag van die week genoem nie. Daar is duidelik geen Nuwe Testament bewyse vir ‘n verandering van die Sabbat van Saterdag, die sewende dag van die week, na Sondag, die eerste dag van die week nie. Die verandering het gekom na die tyd van Jesus en die apostels, so ons moet na die geskiedenis kyk om te sien wanneer en hoe die verandering gekom het.

5. WAAR HET SONDAG VANDAAN GEKOM?

Die apostels waarsku ons duidelik dat sommige Christene sou wegdryf van die leerstellings van die Nuwe Testament Christendom: “Daarom moet julle waak” (Handelingte 20:29-31). En dit is presies wat gebeur het. Betroubare historici beskryf duidelik hoedat die Christene begin

wegdwaal het van die suiwere apostoliese leer. Tradisies en leerstellinge wat Paulus, Petrus en die ander stigters van die Christelike kerk nooit onderskryf het nie, het geleidelik by die kerk ingesluip.

Die verandering van Sabbat-onderhouding na Sondag-onderhouding het plaasgevind nadat die Nuwe Testament geskryf was en die apostels almal gesterf het. Die geskiedenis noem dat Christene uiteindelik hulle aanbidding en rus van die sewende dag verskuif het na die eerste dag van die week. Maar die gelowiges het natuurlik nie sommer op een gegewe naweek opgehou om op die sewende-dag sabbat te aanbid nie en toe skielik Sondag begin hou as die Dag van die Here nie. Die vroegste ware geval van Sondag onderhouding deur Christene het in Italië plaasgevind, in die middel van die tweede eeu na Christus. Vir 'n lang tyd daarna het baie Christene albei dae onderhou, terwyl ander nog steeds die Sabbat onderhou het.

Op 7 Maart, 321 n.C., het Konstantyn die Grote die eerste burgerlike Sondagwet uitgevaardig, waarin alle mense, behalwe plaasboere, in die Romeinse Ryk, gedwing word om op Sondag te rus. Dit, saam met vyf ander burgerlike wette wat uitgevaardig is deur Konstantyn in verband met Sondag, het 'n wettige presedent geskep vir alle burgerlike Sondag wetgewing van daardie tyd af tot die huidige tyd. In die vierde eeu het die Raad van Laodicea Christene verbied om hulle werk op Sabbat te staak, terwyl hulle hulle aangemoedig het om die Sondag te eer deur hulle werk te staak indien dit moontlik was.

Die geskiedenis wys dat Sondag aanbidding en onderhouding 'n mensgemaakte instelling was. Die Bybel gee geen magtiging vir die wegdoen van die sewende-dag Sabbat van die vierde gebod nie. Die profeet Daniël het voorspel dat gedurende die Christelike tydperk sal 'n verleidelike mag daarin poog om God se wet te verander (Daniël 7:25).

6. WIE HET DIE VERANDERING INGESTEL

Wie het amptelik die Sabbat van die sewende dag na die eerste dag van die week verskuif? *Die Katolieke Kerk* maak die aanspraak dat dit die verandering gemaak het. In 'n poging om die ineenstorting van die Romeinse Ryk te verhoed, het welmenende kerkleiers 'n kompromis aangegaan en gepoog om die dag van aanbidding te verander van Saterdag na Sondag.

In 'n kategese van die Rooms Katolieke Kerk lees ons:

“V. Watter dag is die Sabbatdag?

“A. Saterdag is die Sabbatdag.

“V. Waarom onderhou ons Sondag in plaas van Saterdag?

“A. Ons onderhou Sondag in plaas van Saterdag omdat die Katolieke Kerk ... die heiligheid van Saterdag na Sondag verskuif het.” – Peter Geiermann, *The Convert's Catechism of Catholic Doctrine* (1957 uitgawe), bl. 50.

Die Katolieke Kerk kondig trots aan dat menslike kerkleiers die verandering gemaak het.

“Die heilige dag, die Sabbat, is verander van Saterdag na Sondag ... nie van enige aanwysings opgeteken in die Skrifte nie, maar van die Kerk se gevoel van sy eie mag. ... Mense wat dink dat die Skrifte die uitsluitlike gesag is, behoort logies 7de Dag Adventiste te word, en Saterdag heilig te hou.” - Kardinaal Maida, Aartsbiskop van Detroit, *Saint Catherine Catholic Church Sentinel*, Algonac, Michigan, 21 Mei, 1995.

7. WAT SÊ SOMMIGE PROTESTANTSE KERKE?

Amptelike dokumente wat die leerstellings van verskeie Protestantse denominasies beskryf, stem saam dat die Bybel geen gesag gee vir Sondag onderhouding nie.

Martin Luther, die stigter van die Lutherse Kerk, het in die *Augsburg Confession*, Artikel 28, paragraaf 9 geskryf:

“Hulle [die Rooms Katolieke] voer aan dat die Sabbat verander is na Sondag, die Dag van die Here, in teenstelling met die Tien Gebooie, ... nêrens is daar’n voorbeeld waaroor meer gespog word as die verandering van die Sabbatdag. Hulle sê die mag en gesag van die kerk is groot, aangesien dit weggedoen het met een van die tien gebooie.”

Metodiste-teoloë Amos Binney en Daniel Steele het opgemerk:

“Dit is waar, daar is geen positiewe gebod vir die klein doop nie, ... nog is daar enige vir die heilige onderhouding van die eerste dag van die week nie.” – *Theologica Compend* (New York: Methodist Book Concern, 1902), ble. 180, 181.

Dr N. Summerbell, historikus van die Disciples of Christ of Christian Church, het geskryf:

“Die Roomse Kerk het totaal afgewyk. ... Dit het die Vierde Gebod verander deur weg te doen met die Sabbat van God se Woord, en Sondag ingestel as ‘n heilige dag.” – *A True History of the Christian and the Christian Church*, ble. 417, 418.

8. WAT IS DIE WARE REDE?

Dit bring ons van aangesig tot aangesig met die vrae: Waarom onderhou so baie Christene Sondag sonder die Bybelse gesag? Selfs nog belangriker: Watter dag sal ek onderhou? Sal ek diegene volg wat sê: “Ek dink nie dit maak enige verskil watter dag ek onderhou nie, so lank as ek een dag in sewe heilig hou”? Of, sal ek die dag wat Jesus, ons Skepper ingestel het toe Hy die wêreld gemaak het, in gedagte hou, en die dag wat God in die Tien Gebooie uitgewys het nl. “die sewende dag is die Sabbat”?

Ons het hier te doen met meer as net ‘n uiterlike onderhouding, maar watter dag volgens die Bybel korrek is. Die essensiële saak is gehoorsaamheid aan Jesus. Ons Skepper het die Sabbat opsygesit as ‘n “heilige” dag, as ‘n tyd vir ons en ons gesinne om nader aan Hom te kom vir krag en vernuwing. Aan wie sal ek gehoorsaam wees? Sal ek gehoorsaam wees aan Christus die Seun van God, of menslike tradisie in die vraagstuk oor die dag wat ek heilig hou? Die keuse is duidelik: die leerstellings van mense of die gebooie van God. Die woorde van mense of die Woord van God. ‘n Menslike plaasvervanger of ‘n goddelike gebod.

Die profeet Daniël het ‘n waarskuwing gerig aan diegene wat sal “probeer om tye en wet te verander” (Daniël 7:25). God roep Sy volk om terug te kom en gehoorsaam te wees. Hy nooi hulle om die Sabbat te hou as ‘n simbool van lojaliteit en liefde vir Hom.

Jesus het gesê: “As julle My liefhet, bewaar My gebooie” (Johannes 14:15). En Hy belowe volkome vreugde aan diegene wat Hom lief genoeg het om Sy gebooie te gehoorsaam (Johannes 15:9-11). Ons het ‘n wonderlike Heiland. Hy is gretig dat ons Sy liefde in sy volheid ervaar. ‘n Hart van gewillige gehoorsaamheid open die deur wyd vir daardie liefde.

In die Tuin van Getsemane het Christus Hom volkome aan Sy Vader se wil oorgegee – selfs al moes Hy voor die kruis te staan kom en die sondes van die wêreld wat Sy lewe geneem het. Toe Hy uitgeroep het tot God: “Laat hierdie beker by My verbygaan,” het Hy steeds in Sy pleidooi onderdanig gebly en bygevoeg, “Nogtans nie My wil nie, maar laat U wil geskied.” (Markus 14:36).

Christus verlang dat ons die vervulling sal ervaar wat ‘n lewe van ware oorgawe bring. En Hy wil ook hê dat ons die vreugde van Sabbatsrus moet ervaar. Hy wil hê dat ons Hom genoeg moet vertrou om gehoorsaam te wees in al die besonderhede van die lewe. As jy God se oproep beantwoord en al Sy gebooie gehoorsaam, sal jy die belofte van Jesus ervaar dat Sy vreugde “in jou” sal wees en “julle blydschap” sal “volkome” wees. (Johannes 15:11).